

# Gereformeerde Kerk Bellville – 1 Januarie 2017 – Oggend

## Sing vooraf staande: Psalm 39:1 (p. 198)

- 1 Ek het gesê: Ek wil my weg bewaar, / geen klaagtoon oor my tong laat gaan;  
in onheil wil 'k my mond en spraak bedwing, / terwyl die vyand voor my staan;  
sodat hy in sy ongeduld oor my / geen vreugde of voordeel sal verkry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

## Amen.

## Lofpsalm 146:1, 2, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –  
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,  
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

## Geloofsbelydenis: Nicea

### Wet

## Skrifberyming 14-1:2, 3

- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk  
om kwaad en sonde te weerstrew. / Verrig jou taak met vaste hand,  
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.  
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!
- 3 Beoefen die godvrugtigheid / en wees jou medemens altyd  
tot voorbeeld in jou lewenswandel. / Jy moet uit liefde teenoor God,  
in opdrag van die groot gebod, / uit liefde tot die naaste handel.  
O God, staan met u Gees ons by / sodat u liefde in ons bly.

## Gebed

## Psalm 39:2, 3 (p. 198)

- 2 In stilheid was ek stom, ek het geswyg / ook van wat goed is, maar my smart  
is aangewakker tot 'n lydensvlam, / en daar was hitte in my hart  
by my gesug, sodat my tong moes spreek, / maar met die stem van een wat smeek:
- 3 O HEER, ontdek my lewensend aan my; / my dae is by U getel.  
En leer my tog hoe kort van duur ek is: / 'n handbreed is my tyd gestel;  
'n ademtog en – ek is dit weer kwyt! / Ja, elke mens is nietigheid.

**Skriflesing:** Psalm 39

**Kernverse:** Psalm 39:5-8

**HERE, maak my einde aan my bekend en wat die maat van my dae is; laat my weet hoe verganklik ek is. Kyk, U het my dae 'n paar handbreedtes gemaak, en my leeftyd is soos niks voor U nie; ja, as pure nietigheid staan elke mens daar! Waarlik, die mens wandel as skadubeeld rond; ja, hulle woel verniet; hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie. En nou, wat verwag ek, o Here? My hoop is op U. (Psalm 39:5-8 AFR53)**

**Tema:** Kyk hoe verganklik is ons!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, 'n mens is daaraan gewoond dat ouer mense gewoonlik sê dat die jaar vinnig verbygegaan het. Ons hoor dit ook in die woorde van Moses se gebed in Psalm 90 en in hierdie psalm van Dawid wat ons vanoggend gelees het. Maar wanneer jongmense van onder twintig al vir jou sê dat die jaar baie vinnig verbygegaan het, besef 'n mens dat die mens se lewe regtig maar net 'n asemtog is. Die mens se leeftyd is vlug en kort – 'n enkele nagwaak en niks meer.

Dit is nie net die einde van 'n jaar en die aanbreek van 'n nuwe jaar wat 'n mens laat besef hoe vlug en kort die lewe is nie. Siekte lei ook gewoonlik daartoe dat 'n mens besef hoe verganklik sy lewe is. Wanneer 'n mens gesond is, verkeer jy onder die indruk dat jy sterk is en die wêreld kan versit. Maar wanneer jou kragte in 'n kort tydjie drasties minder word as gevolg van 'n virus wat jy nie eers met die blote oog kan sien nie, kom jy agter dat jy nie

'n sê oor jou lewe en lewensduur het nie.

Dit is dan wanneer 'n mens die woorde van Jesaja 40 onthou word. Die mens is soos die gras van die veld. In die môre is dit groen en lewenskragtig, maar teen die aand word dit afgesny en dit verdor vinnig en sy plek ken hom nie eers meer nie. Aangesien die lewe so vlug en kort is, hoe kan 'n mens die beste daarvan maak? Niemand is mos van plan om sy lewe op te mors nie. Mense wat deur die Heilige Gees oortuig is dat hulle aan die Here behoort, wil die tyd wat die Here aan hulle gee tot die maksimum gebruik om dit 'n betekenisvolle lewe te maak. 'n Betekenisvolle lewe is 'n lewe waarin en waarmee die Here verheerlik word. Christene weet ook dat die lewe nou 'n uitwerking het op die lewe in die ewigheid. Ons hoor dit in die woorde van Jesus Christus wanneer Hy in Matteus 25 vertel van sy wederkoms en finale oordeel oor die ganse mensdom.

Die spesifieke omstandighede wat aanleiding tot die skryf van Psalm 39 gegee het, weet ons nie. Maar uit die psalm self blyk dit dat Dawid ernstig siek was. In vers 11 praat hy van 'n plaag van die Here wat hom geteister het en hy beskou dit as 'n tugtiging en onderwysing van die Here self.

In sy siektetoestand het Dawid hom voorgeneem om nie 'n woord te sê nie. Hy weet dat die goddelose hulle ore spits om te hoor wat die gelowige in sy benoude omstandighede sê. Hulle wil graag hoor hoe die gelowige met sy tong sondig sodat hulle rede kan hê om die Here te verkleiner. Aanvanklik het Dawid deur die genadige werk van die Heilige Gees dit reggekry om nie in die openbaar iets te sê wat aan die goddelose rede sou gee om die Here te laster nie. Maar sy smart was naderhand soos 'n brandpyn binne-in hom. Dit het soos 'n vuur in hom gebrand dat hy nie langer kon stilbly nie. En as hy dan sy mond oopmaak,

doen hy dit nie ten aanhore van die goddelose nie maar in gebed tot die Here wat oor sy lewe beskik.

Broers, susters en kinders, as gevolg van sy swak gesondheid is Dawid terdeë bewus van die verganklikheid van sy lewe. Hy bid tot die Here dat hy hierdie les baie goed sal leer en onthou. Ons mense leer dikwels 'n les in die swaarkrytyd, maar sodra die swaarkry verby is en dit weer goed gaan, vergeet ons net so gou die les wat ons geleer het. Daarom bid Dawid: **Laat my weet hoe verganklik ek is.**

Dawid gebruik twee maal in vers 6 en 12 'n woord wat oor en oor in die boek Prediker gebruik word. In Psalm 39 sê Dawid dat die lewe van die mens pure nietigheid is of maar net

'n asemtog. Hierdie selfde woord word regdeur die boek Prediker met *tevergeefs* vertaal. 'n Mens se lewe is soos 'n asem pie. Dit is soos daardie wolke wat 'n mens op 'n baie koue oggend uitasem. Jy sien die wasempie vir 'n oomblik en dan is dit weg.

Dawid noem twee faktore wat die verganklikheid van die mens se lewe beklemtoon. Die lewe is verganklik in vergelyking met die ewigheid. In vergelyking met God se ewigheid is die mens se lewe maar 'n handbreedte lank. Dit is eintlik niks voor die Here. Gaan kyk maar in begraafplase wat staan op die grafstene geskryf. Saam met die persoon se naam is daar 'n geboortedatum en 'n sterfdatum geskryf. En of daardie twee datums twee maande uit mekaar is of twee en tagtig jaar uit mekaar is – op albei grafstene is daar net 'n kort strepie tussen die twee datums. Daardie strepie stel die hele lewe van daardie mens voor. In die oë van die ewige God en Here is die mens se leeftyd net 'n oogknip lank.

Die lewe is ook in die aangesig van die dood verganklik. Dit maak nie saak hoe hard 'n mens gewerk het nie en dit maak nie saak wat hy alles in die lewe bymekaargemaak het nie; wanneer die dood kom, kom al hierdie dinge tot niks. Dawid sê dit hier in vers 7. Mense **woel verniet; hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie**. Tot en met die weder-koms van Jesus Christus sal mense sterf.

'n Jongmens kan by homself dink: Ja, die dood is seker, maar ek is nog jonk, daarom gaan ek nie my tyd mors om aan die dood te dink nie, want my lewe lê nog voor. Die dood is nie net seker nie; dit is ook dikwels onverwags. In hierdie afgelope jaar het ons in Bellville ook gesien dat die dood seker is. By talle lidmate het ons gesien hoe die Here die een tentpen na die ander uittrek voordat Hy daardie kinders van Hom in sy ewige woning ingeneem het. Maar in hierdie gemeente het ons ook al gesien hoe onverwags en skielik die dood vir jong-mense gekom het.

Dit is nie nodig dat een van ons eers moet swaarkry voordat ons tot die besef kom hoe verganklik die mens se lewe is nie. Deur die mond van Dawid wys die Heilige Gees vir ons op twee faktore wat beklemtoon dat die lewe verganklik is – die ewigheid en die dood. En elkeen wat tans swaarkry sal instemmend die kop kan knik en sê: Ja, inderdaad, die mens se lewe is vlug en kort.

Miskien sê jy vir jouself: Dit is nou maar so. Die lewe is kort en verganklik en ek kan niks daaraan doen nie. Die wêreldse mens sal sê: Nou maar kom ons geniet die lewe wat ons het voluit. Kom ons eet en drink en wees vrolik, want môre sterf ons. Die mens wat so praat het nie 'n uitsig op die ewigheid nie omdat lewe na die dood vir hulle 'n sprokie is. Maar elkeen wat weet en vertrou dat Jesus Christus uit die dood opgewek is weet dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer die hele mensdom voor sy regterstoel sal staan om rekenskap te gee van hierdie lewe wat so verganklik is. Die gelowige wat weet dat Jesus

Christus ook in sy plek aan die kruis gesterf het, wil sy lewe vir die Here lewe. Want so 'n lewe hou hoop in. Dit is wat Dawid gedoen het.

Om vir die Here te lewe is vir die gelowige nie maar net sulke vae woorde nie. Om vir die Here te lewe het praktiese implikasies. In Psalm 39 maak Dawid drie praktiese dinge duidelik. Om vir die Here te lewe beteken dat jy jou hoop op die Here stel.

In hierdie lewe is daar regtig niks waarop jy jou hoop kan vestig nie. Wie al ooit sy hoop op mense gestel het, sal bedroë daarvan afkom, as jy nie teen hierdie tyd reeds teleurgestel was nie. 'n Mens kan nie jou hoop op mense stel nie. Afgesien daarvan dat hulle lewe net so verganklik soos jou eie is, is hulle boonop ook nog sondaars net soos jy. Dit maak nie saak hoe sterk en formidabel 'n mens in 'n stadium is nie; omdat hy 'n sondaars is bestaan die moontlikheid altyd dat hy tot 'n val kan kom. Die Heilige Gees leer ons nie verniet om nie op prinse te vertrou nie. As jy jou hoop op mense stel, beteken dit dat jou hoop daarmee heen is wanneer daardie mens val of sterf.

Net so kan 'n mens ook nie jou hoop op jou eie vermoëns en kragte stel nie. Jou gesondheid en krag is nie iets waarop jy 'n reg het nie. Dit is alleenlik maar gawes wat die Vader in die hemel aan jou gegee het. Hy beskik gesondheid én siekte. Moet ook nie jou hoop op die ekonomie en welvaart stel nie. Niemand kan met helderheid vooruitsien wat aan die einde van hierdie jaar gaan gebeur nie. En as die markte in duie stort, het jou hoop daarmee ook in duie gestort.

Mense en dinge van hierdie wêreld is alles aan verganklikheid onderwerp. Daarom sal dit dom wees om jou hoop op mense en dinge van hierdie wêreld te vestig. Die Here alleen is ewig. Hy is van ewigheid tot ewigheid dieselfde – Hy is onveranderlik. Die Here alleen kan beloftes maak en, ongeag wat in hierdie wêreld gebeur en ongeag hoe swak en ellendig die mens self is of word, die Here sal beloftes te midde van alle ongeluk waar laat word. Dit is tog wat 'n mens van Genesis af raaksien. Ongeag al die menslike hindernisse van ouderdom en onvrugbaarheid doen God presies wat Hy aan Abraham belowe het – Abraham en Sara ontvang 'n seun. Te midde van al die aanslae wat deur die Satan en sy trawante op die Here se werk en sy volk gemaak word kom die Here sy belofte na van die nageslag wat die slang se kop sal vermorsel. Niks in hierdie wêreld kan God se hand wegslaan wanneer Hy sy beloftes waarmaak nie.

Broer en suster, as jy dan deur die Heilige Gees oortuig is dat Jesus Christus jou van jou sondeskuld verlos het omdat God nog voor die skepping van die wêreld 'n besluit oor jou geneem het, waarom sal jy dan nie jou hoop op God stel nie? Net oor Hom en sy Woord kan jy in hierdie lewe seker wees. Om dan vir die Here te lewe, beteken dat jy jou hoop op die Here gaan stel.

Wie sy hoop op die Here stel, gaan onder die heerskappy van die Heilige Gees daarna streef om heilig te lewe. Dawid bid dat die Here hom van al sy oortredinge sal red en hom nie 'n smaad van die goddelose maak nie. Goddelose mense se oë bespied die lewe van gelowiges, want hulle soek rede om die gelowige en sy God te verkleineer. Dawid streef na heiligheid op twee gebiede in sy lewe.

Hy streef na heiligheid in sy woorde. Ons het reeds opgemerk hoe Dawid hom voorgeneem het om nie te midde van sy swaarkry iets te sê nie. Dit maak nie saak hoe goed en nederig 'n gelowige 'n klagte laat hoor ten aanhore van goddelose mense nie; hulle sal sy woorde verdraai en dit teen hom en die Here gebruik. Daarom het Dawid in die

teenwoordigheid van ongelowiges geswyg alhoewel hy gebrand het om te sê hoe swaar hy kry. Hy wil nie aan-leiding gee dat die goddelose die Here belaster nie.

Wie dus vir die Here lewe, sal mooi dink voordat hy iets sê. En wat hy ook al sê sal hy so duidelik stel sodat daar geen misverstand is oor wat hy bedoel nie. Ons moet maar onthou wat die Here ons in Jakobus 3 oor die tong leer. Die tong is maar 'n klein liggaamsdeeltjie, maar wie nie bedag is op wat hy sê nie, kan die wêreld met sy woorde aan die brand steek. Pas ook maar op vir daardie ligsinnige praatjies wat ons baie maal maar net as grappies wil afmaak. Indien jou woorde nie opbouend is, moet dit eerder nie sê nie.

Dawid het ook gestreef na heiligheid in sy optrede, daarom bid hy dat die Here hom sal red van sy oortredinge. Oortredinge is sonde en dit word nie sommer dadelik in dae openbaar nie. Oortredinge het 'n aanloop. Dit begin in die gedagtes van 'n mens of, soos Jakobus

dit noem, by die sondige begeertes van die mens. Om te keer dat jou sondige begeertes jou saamsleep en meevoer, moet jy die sondige gedagtes sommer al wanneer dit begin dood-maak. Laat ons eerder die dinge daarbo bedink waar Christus is, want Christene se lewe is in Hom gewaarborg. Doen eerder wat Paulus die Filippense beveel het:

**Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.**

(Filippense 4:8-9 AFR53)

Om dan vir die Here te lewe beteken dat jy jou hoop op die Here stel en dat jy streef om heilig te lewe omdat jy die Heilige Gees gehoorsaam volg wanneer Hy jou lei. 'n Laaste saak waarop Dawid in hierdie psalm wys wanneer dit daarby kom om vir die Here te lewe is om nugter te wees oor die swaarkry wat Hy in 'n mens se lewe beskik.

By jou doop het God die Vader belowe om jou te versorg met alles wat goed is. En jy kan die een gebeurtenis na die ander opnoem uit jou lewe waarin die Here jou versorg het. Hy het ook belowe om die kwaad van jou weg te keer. Wanneer jy terugkyk op jou lewe kan jy ook verskeie tye opnoem waar die Here die kwaad van jou af weggekeer het. Daar is selfs nog baie ander kere waarvan die gelowige nie eers weet nie waar die Here die kwaad weggekeer het. En wanneer die Here dan andersins doen wat Hy beloof het, naamlik om die kwaad in jou lewe tot jou beswil te beskik, erken en bely dan dat die Here steeds met jou persoonlik besig is. Hy is nie besig om jou te verbrysel nie. Dit het Hy met sy Seun gedoen ter wille van jou. Wanneer Hy nou die kwaad in jou lewe beskik, doen Hy dit om jou te leer. Indien die Here die kwaad beskik om jou te tugtig soos in die geval van Dawid – onderwerp jou dan aan die Here se tug. As Hy die kwaad in jou lewe beskik om jou  
te leer, bid om die wysheid van die Heilige Gees sodat jy kan leer wat die Here aan jou bekend maak.

Geliefdes, die Here het ons genadiglik in die voorportaal van 2017 ingebring. Verlede jaar het verbygevlieg. Ons besef ons lewens is verganklik en kort. Mag die Here aan ons die wysheid skenk om die stippeltjie wat 2017 in die ewigheid is te gebruik om vir God te lewe deur ons hoop op Hom te stel, deur te streef na 'n heilige lewe wat Hom verheerlik en deur onself aan sy Vaderlike hand te onderwerp in alles.

**Amen!**

## Slotgebed

Psalm 39:4, 5 (p. 199)

- 4 Gaan nie die mens net soos 'n skim daarheen, / net soos 'n skadu wat verdwyn?  
Hul woel vergeefs, hul bring verniet byeen / wat vir die oog begeerlik skyn.  
En niemand weet wie ná sy dood sal erf / wat hy met soveel sorg verwerf.
- 5 En nou, wat is dit waar ek nog op wag? / Ek hoop op U alleen, o God!  
Red my van skuld, die oorsaak van my smart, / en laat die dwaas nie met my spot;  
dan swyg ek stil, want U het dit gedoen; / ek wil my met u wil versoen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
1 Januarie 2017